## Die Essensie van Neo-Spektrum:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

## KONTAKBESONDERHEDE

Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom

ACIM: Elke Donderdag 7pm Kolping
ACIM: Stad 13 Mei & Boston 22 Mei

## BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

**Naam en Van**

______________________________________________

**E-Mail**______________________________ **Sel**______________________

**Woonadres**

______________________________________________

## ADRES

Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg — tweede straat regs is:
Biccard Straat (Kolping Centre aan jou regterkant) Durbanville

| **Bankrekening vir bydraes**<br>**FNB: Wysheidsirkel**<br>Takkode: **201-409**<br>Rekening: **551 601 09804** | **BAIE DANKIE**<br>Ons vra 'n maandelikse bydrae<br>hetsy per koevert of per EFT<br>**Groot ASSEBLIEF en DANKIE** |
|---|---|



# Neo-Spektrum

**12 Mei 2013**

## OM TE SIEN. OM TE WEET EN OM TE DOEN

### SPIEËLS PRAAT NIE IN WOORDE

## STILTE IN DIE KAPEL

~ In the Mirror — Yanni ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

As een van julle wysheid kortkom,
moet hy dit van God bid,
en Hy sal dit aan hom gee,
want God gee aan almal sonder voorbehoud
en sonder verwyt.
*(Jakobus 1:5)*

## STILTE VAN BINNE

## GESPREKSIRKEL

### GEDRAG EN GESINDHEID: JAKOBUS 1:19-27

19 Dít moet jul in gedagte hou: elke mens moet maar te gewillig wees om te luister, nie te
gou praat nie en nie te gou **kwaad** (ὀργή: *violent emotion wat siel van denke skei*) word
nie. 20 'n Mens wat kwaad word, doen nie wat voor God reg *want woede bewerk nie die*
***geregtigheid*** **[state of what he ought to be]** nie. 21 Daarom moet jul al die sedelike vuilheid
en ongeregtigheid opruim wat so **in oorvloed is**, en **nederig** die **woord** aanneem wat God
in julle geplant het, want dié woord kan julle **siele** red [ψυχή: *asem van lewe, setel van*
*emosies en begeertes*] red. 22 Julle moet doen wat die woord sê en dit nie net aanhoor nie
anders bedrieg julle julleself. 23 Iemand wat altyd net die woord aanhoor en nooit doen
wat dit sê nie, is soos een wat na sy gesig in 'n **spieël** kyk: 24 hy bekyk homself, gaan van
die spieël af weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het. 25 Maar iemand wat hom verdiep in
die volmaakte wet wat 'n mens vry maak en hom daaraan hou en nie vergeet wat hy hoor
nie, maar dit doen, sal gelukkig wees in wat hy doen. 26 As iemand dink hy is godsdienstig,
maar hy hou nie sy **tong** in toom nie, bedrieg hy homself. Sy godsdiens is waardeloos.
27 Egte godsdiens voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hulle moeilike
omstandighede by te staan en om jou skoon te hou van die **besmetting** van die wêreld.

# GESPREKSIRKEL

## SIEN EN KYK EN DOEN: JAKOBUS 2:1-24, 26

Jul wat glo (**oortuiging/vertroue in waarheid**) in ons Here Jesus Christus, die Here aan wie
die heerlikheid behoort, moenie mense oordeel (krisis: **seperation**) volgens hulle uiterlike.
2 Sê nou daar kom in julle samekoms ’n man in met goue ringe aan sy vingers en met deftige
klere aan en daar kom ook ’n brandarm man met ou klere aan, 3 en sê nou julle maak ’n ophef
van die man met die deftige klere en jul sê vir hom: *“Kom sit hier gemaklik,”* maar vir die arm
man sê julle: *“Gaan staan jy daar anderkant”* of: *“Kom sit hier by my voete,”* 4 het julle dan nie
onder mekaar onderskeid (oordeel/regter) gemaak **en het julle nie regter geword van slegte**
**tweespraak nie** en mense op grond van verkeerde oorwegings **beoordeel** nie? 5 Luister! Kies
God nie juis dié uit wat in die oë van die wêreld arm is, om ryk te wees in die geloof en om
die koninkryk (Basileia) in besit te neem wat Hy belowe het aan dié wat Hom liefhet nie?
6 Maar julle behandel die arm man met minagting. Is dit nie die rykes deur wie julle uitgebuit
word nie, en is dit nie hulle deur wie julle voor die hof gesleep word nie? 7 Is dit nie hulle wat
die goeie (**beeldskone**) Naam skend van Hom aan wie julle behoort nie? 8 As julle werklik die
**koninklike wet** (Basilika) van die **koninkryk** (Basileia) onderhou soos dit in die Skrif staan:
*“Jy moet jou naaste liefhê soos jouself,”* dan doen julle reg. 9 Maar as jul **die mens** se uiterlike
**beoordeel**, doen julle ***sonde*** en **veroordeel** die wet van God (holy instant) julle as oortreders.
10 As iemand die hele **wet** (nomos: **aanbeveling**) onderhou, maar in een opsig struikel, is hy
skuldig ten opsigte van al die gebooie. 11 God wat gesê het: “Jy mag nie egbreuk pleeg nie,”
het ook gesê: *“Jy mag nie moord pleeg nie.”* As jy nie egbreuk pleeg nie, maar wel moord, is
jy tog ’n oortreder van die hele wet. 12 Praat en tree dan op soos mense wat **geoordeel** sal
word volgens die wet wat **vry** maak. 13 Die **oordeel** ⇥(krisis)⇤ sal genadig wees oor dié wat
nie barmhartigheid betoon nie. **Maar barmhartigheid triomfeer oor die oordeel**. 14 Wat help
dit as iemand beweer dat hy glo, maar sy dade bevestig dit nie? Kan so ’n geloof ’n mens red?
15 Sê nou daar is ’n broer of ’n suster wat nie klere het nie en dag vir dag honger ly, 16 en sê
nou een van julle sou vir hulle sê: *“Mag dit met julle goed gaan; gaan trek julle warm aan en*
*eet genoeg,”* maar julle gee nie vir hulle wat hulle nodig het om van te lewe nie, wat help dit
dan? 24 Julle sien dus dat ’n mens vrygespreek word op grond van sy dade en nie net op grond
van sy geloof nie. 26 ’n Liggaam wat nie asemhaal nie, is dood. (nekros: **laaste asem uitblaas /**
**spiritueel dood**) So is die geloof wat nie tot dade kom nie, ook dood. (thanatos: *separation*
*(whether natural or violent) of the soul and the body by which the life on earth is ended*)

**SPIEËLS = EGO PROJEKSIES:** agterna hardloop van elke craving *(desire sonder delight)* **Ego** kan net assosieer met eksterne goed (vorme, dimensies, definisies). EGO het te make met besittings, loopbaan, sosiale status, erkenning, kennis, fisiese voorkoms, attribute, familie geskiedenis, geloofsisteme, politieke en sosiale agendas.

**VENSTERS = SIEL REFLEKSIES:** Solank ons gefikseer is op spieëls, oordeel ons maar as ons vensters word, wie sal ons oordeel?

- Hy waarsku teen skynheiligheid en selfgeregtigheid wat skeiding *(separation)* bring Waarheid is die lig en geloof is die refleksie van daardie lig.
- Ons sien spieëls/weerkaatsings en God sien vensters waardeur Lig vir/van almal skyn. Spieëls word vensters word deure wat vir ander wys — my hart is tuis!

**DEURE = MANIFESTASIES:** Nou dat ons sien, weet ons. Omdat ons weet, doen ons!

Giving Hands

# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING

Giving Hands

~ NOTHING COMPARES TO U — KELLERMAN ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

*Today I wake with joy, expecting but the happy things of God to come to me.*
*I ask but them to come, and realize my invitation will be answered*
*by the thoughts to which it has been sent by me.*
*And I will ask for only joyous things the instant I accept my holiness.*
*For what would be the use of pain to me, what purpose would my suffering fulfil,*
*and how would grief and loss avail me if insanity departs from me today,*
*and I accept my holiness instead?*

*Father, my holiness is Yours. Let me rejoice in it,*
*and through forgiveness be restored to sanity.*
*Your Son is still as You created him.*
*My holiness is part of me, and also part of You.*
*And what can alter Holiness Itself?*
*(ACIM: Lesson 285)*

---

## AS ONS UITSTAP

~ BITTERBESSIE DAGBREEK — CHRIS CHAMELEON ~

Bitterbessie dagbreek, bitterbessie son
‘n spieël het gebreek tussen my en hom (haar)

Soek ek na die grootpad om daarlangs te draf
oral draai die paadjies van sy (haar) woorde af

Dennebos herinnering dennebos vergeet
het ek ook verdwaal trap ek in my leed

Papegaai-bont eggo kierang kierang my
totdat ek bedroë weer die koggel kry

Eggo is geen antwoord, antwoord hy (sy) alom
bitterbessie dagbreek, bitterbessie son

(Uit: Rook en Oker (1963) Ingrid Jonker)